

SONDAG 3 MEI

SKRIFGEDEELTE: ROMEINE 6:1-14

FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 6:3, 4, 11

Goeie nuus: Sonde is nie meer baas nie

Moenie dink daar is niks daarmee verkeerd om sonde te doen nie. Paulus sê nie dat Christene maar rustig kan sondig sodat die genade kan toeneem nie. Die onuitspreeklike genade en vrypraak van God in Jesus Christus beteken dat jy juis nié sonde in jou lewe sal duld nie. Sonde behoort vir jou 'n onmoontlike moontlikheid te wees.

'n Groot rede hiervoor is dat jy gedoop is. Jou doop is onder andere 'n bewys dat jy dood is vir die sonde en vir God lewe. Met jou doop het jy mos een geword met Christus in die dinge wat met Hom gebeur het, naamlik dat Hy gekruisig is, gesterf het en begrawe is.

Dink daaraan – jou “ou mens” het saam met Jesus aan die kruis gehang én is dood, morsdood! Saam met Jesus staan jy ook uit die graf op. Nou is jy 'n nuwe mens wat 'n nuwe lewe kan lei en baie beslis soos 'n lyk vir die sonde is. Één met Christus, sê jou doop. Kragtens jou status in Christus is dit ondenkbaar dat jy sal sondig. Jy is dood vir die sonde omdat Christus in jou plek gesterf het; sonde is nie meer jou baas nie. Kan daar beter nuus wees as juis die boodskap?

Sal jy in die daaglikse stryd teen die sonde onthou dat jy gedoop is? Elke waterdruppel van jou doop roep na jou en bevestig jou status in Christus. Onthou voortdurend dat jou ou ek saam met Christus gesterf het. Jy is dood vir die sonde en lewend vir Christus met 'n wil om vir die sonde te vlug. Jy wil jou ou mens kruisig, want die goeie nuus is dat jy met Christus as 'n nuwe mens opgestaan het.

En as jy hieraan twyfel? Dink dan aan jou doop en lewe met oorgawe, want Jesus Christus is mos die Koning van jou lewe!

Sing: Skrifberyming 33:3

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)